

Woensdag 27 Julie

Skrifgedeelte: Openbaring 22:6-21; HK Sondag 19, Antwoord 52

Fokusgedeelte: Openbaring 22:17, 20

Ons verwag Christus met gespanne afwagting

Die eerste Christelike kerk het met gespanne afwagting die spoedige wederkoms van Christus verwag. Hierdie verwagting dat Christus spoedig weer sal kom, was ook die bron van hulle ywer vir die diens van die Here; dit was die kragtige aansporing om te volhard in sy diens ondanks vervolgings wat hulle moes verduur. Daartoe is hulle veral deur die Heilige Gees aangevuur, soos blyk uit die uitspraak: *“Die Gees en die bruid sê: “Kom!”* (Op. 22:17). Die Gees, die Heilige Gees, roep saam met die bruidskerk dat Jesus Christus weer moet kom. Voor Pinkster het Christus om die koms van die Heilige Gees gebed (Joh. 14:16, 17). *Nou is dit weer die Gees wat bid om die koms van die Here Jesus.*

Die rede waarom die Gees dit doen, kan ons soos volg aandui: Die Gees is uitgestort om Christus te verkondig. Christus het Self ook gesê dat die Gees sal neem uit wat aan Hom behoort en dit aan ons sal verkondig (Joh. 16:14). Hy maak tot ons eiendom wat Christus vir ons verwerf het. Nou hunker die Gees daarna om sy werk af te handel sodat Christus weer kan kom en die heilsplan van God tot verlossing van die mensheid te kan voltooi. Dit is hierdie hunkering van die Gees wat Hom laat roep: Kom, Here Jesus! Kom so gou as moontlik!

Dit is egter nie net die Gees nie, maar ook die bruid, die kerk wat roep dat Christus moet kom – die kerk wat gewas is in die bloed van Christus en geheilig is deur die Heilige Gees. Nou is dit nie sonder rede dat die kerk hier die *bruid* genoem word nie. 'n Bruid sien immers verlangend uit na die koms van en die vereniging met haar bruidegom. So moet dit nou ook wees met die kerk van die Here. As bruid moet sy met gespanne afwagting na die koms van die Bruidegom uitsien.

Christus antwoord op die roepstem van die Gees en die bruid met die woorde: *“Ja, Ek kom gou!”* Dit is die versekering wat Christus Self aan sy bruidskerk gee. Nou mag ons miskien vra: Hoe moet ons dit verstaan dat Christus drie maal gesê het: “Ek kom gou!” (Op. 22:7, 12, 20), maar sedertdien het ongeveer 2000 jaar verloop en Hy bly nog altyd weg? Met die woordjie “gou” bedoel Christus eintlik: op sy gouste; so gou as moontlik. Hy vertoef nie langer as wat nodig is nie (2 Pet. 3:9). Ons moet onthou dat dit vir Christus nie bloot om die einde gaan nie, maar om die voleinding, om die vervulling van die volle raad van God. As Christus dus sê: *“Ja, Ek kom gou!”* bedoel Hy dit baie ernstig: Ek kom so gou as moontlik!

Hierdie belofte van Christus moet tot gevolg hê dat ons werklik met gespanne afwagting die groot dag van die wederkoms van ons Here, Koning en Bruidegom moet afwag en moet bid dat Hy gou moet kom.